

23 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:13-22
Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:20-21

Deur water heen gered!

Dit moet verskriklik wees om te verdrink. Dink net aan die water wat in jou longe ingesuij word, die benoudheid ... Hier troos Petrus die gelowiges in Klein-Asië wat soos drenkelinge dreig om, as vervolgd, in die diep water van 'n goddelose wêreld weg te sink! Hoe troos hy hulle? Hy herinner hulle dat hulle gedoop is! Hy vergelyk hulle swaar tyd met dié van Noag. Hy wys op die spot en die verguising wat Noag moes verduur. Toe kom die water, maar dieselfde water van God se vernietigende oordele oor die ander lig die ark al hoër en hoër na veiligheid en redding vir Noag en almal in die ark! Dit laat hom dink aan die *doop*! Die doop red! Nee, dit is nie die doopwater wat red nie! Die doop red, omdat dit ons deel gee aan “die opstanding van Jesus Christus” (vs 21)! Hy moes in die diepte van God se oordele afdaal in ons plek, maar die (water-)graf kon Hom nie hou nie. Hy het opgestaan, die magte oorwin en lewe nou!

Deur die doop kry ons deel aan dié beloftes van lewe en word ons aangeneem as sy eiendom. Ons kom in veilige bewaring! Gevolglik is die doop 'n “bede tot God”, 'n roepstem, 'n belydenis, 'n daad van geloofsoorgawe en vertrouwe van *onmagtiges* tot die *Almagtige*! Wanneer jy swaar kry, onthou jy is gedoop!

Sing: Skrifberyming 11-2:2

Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)